OEDING
91
TIONA UCATION

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c | Vrydag 25 Mei 1984 | WINDHOEK | Friday 25 May 1984 | No. 4901

## INHOUD:

Bladsy

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. AG. 64 Jagseisoene, 1984, vir die Gebiede waarin die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975, (Ordonnansie 4 van 1975), van toepassing is. 2

No. AG. 65 Jagseisoen, 1984, vir die Gebiede waarin Proklamasie R.188 van 1976 van toepassing is. 2

No. AG. 66 Verklaring van Lechwe as beskermde wild in die oostelike Caprivi Zipfel: Wysiging van die tweede Bylae by Ordonnansie 11 van 1951. 3

No. AG. 67 Verklaring van Koedoe, Gemsbok en Springbok as beskermde wild in Owambo. Wysiging van Bylaes 2 en 3 by Maatreël 6 van 1973. 3

No. AG. 68 Verklaring van Eland, Blouwildebees en Steenbok as beskermde wild in die Kavango: Wysiging van Bylaes 2 en 3 by Wet 4 van 1974. 4

No. AG. 69 Jagseisoene, 1984: Kavango 5

No. AG. 70 Jagseisoene, 1984: Owambo 5

No. AG. 71 Verklaring van Duiker as beskermde wild in die gebiede waarin Proklamasie R.188 van 1976 van toepassing is: Wysiging van Aanhangsels 2 en 3. 6

No. AG. 72 Wysiging van die Regulasies betreffende Natuurbewaring. 6

## CONTENTS:

Page

**GOVERNMENT NOTICES**

No. AG. 64 Hunting Seasons, 1984 for the areas in which Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), applies. 2

No. AG. 65 Hunting Season, 1984 for the areas in which Proclamation R.188 of 1976 applies. 2

No. AG. 66 Declaration of Lechwe as protected game in the Eastern Caprivi Zipfel: Amendment of the second schedule to Ordinance 11 of 1951. 3

No. AG. 67 Declaration of Kudu, Oryx and Springbok to be protected game in Owambo: Amendment of Schedules 2 and 3 to enactment 6 of 1973. 3

No. AG. 68 Declaration of Eland, Blue Wildebeest and Steenbok to be protected game in the Kavango: Amendment of Schedules 2 and 3 to Act 4 of 1974. 4

No. AG. 69 Hunting Seasons, 1984: Kavango 5

No. AG. 70 Hunting Seasons, 1984: Owambo 5

No. AG. 71 Declaration of Duiker to be protected game in the areas in which proclamation R.188 of 1976 applies: Amendment of Annexures 2 and 3. 6

No. AG. 72 Amendment of the Regulations relating to Nature Conservation. 6

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## Government Notices

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 64 1984

### JAGSEISOENE, 1984, VIR DIE GEBIEDE WAARIN DIE ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1975, (ORDONNANSIE 4 VAN 1975), VAN TOEPASSING IS

Hierby word ingevolge artikel 25(2) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -

(a) kragtens artikel 25(1)(a) van genoemde Ordonnansie -

(i) die tydperk van 31 Mei 1984 tot en met 31 Julie 1984 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 5 by genoemde Ordonnansie (jagbare wild) ingevolge artikel 30, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1984 tot en met 30 September 1984 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 6 by genoemde Ordonnansie (jagbare wildvoëls) ingevolge artikel 32, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(b) kragtens artikel 25(3) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene van toepassing gemaak het op daardie gedeelte van die Gebied waar genoemde Ordonnansie geld.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 64 1984

### HUNTING SEASONS, 1984 FOR THE AREAS IN WHICH THE NATURE CONSERVATION ORDINANCE, 1975 (ORDINANCE 4 OF 1975), APPLIES

It is hereby made known in terms of section 25(2) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), that the Administrator-General has -

(a) under section 25(1)(a) of the said Ordinance -

(i) determined the period from 31 May 1984 up to and including 31 July 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 5 to the said Ordinance (huntable game) may be hunted in terms of section 30, but subject to the other provisions, of the said Ordinance;

(ii) determined the period from 1 August 1984 up to and including 30 September 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 6 to the said Ordinance (huntable game birds) may be hunted in terms of section 32, but subject to the other provisions of the said Ordinance;

(b) under section 25(3) of the said Ordinance, made the hunting seasons reffered to in paragraph (a) applicable to those parts of the Territory in which the said Ordinance is in force.

---

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 65 1984

### JAGSEISOEN, 1984, VIR DIE GEBIEDE WAARIN PROKLAMASIE R.188 VAN 1976 VAN TOEPASSING IS

Hierby word ingevolge artikel 11(3) van die Proklamasie op Natuurbewaring in sekere Naturellegebiede in Suidwes-Afrika, 1976 (Proklamasie R.188 van 1976), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 65 1984

### HUNTING SEASON, 1984 FOR THE AREAS IN WHICH PROCLAMATION R.188 OF 1976 APPLIES

It is hereby made known in terms of section 11(3) of the Nature Conservation in Certain Native Areas in South West Africa Proclamation, 1976 (Proclamation R.188 of 1976), that the Administrator-General has -

(a) kragtens artikel 11(2)(a) van genoemde Proklamasie vir die jaar 1984 die jagseisoen in artikel 11(1)(a) van genoemde Proklamasie bedoel waartydens wild genoem in Aanhangsel 3 by genoemde Proklamasie (jagbare wild) ooreenkomstig die bepalings van genoemde Proklamasie gejag mag word, verander het na die tydperk vanaf 31 Mei 1984 tot en met 31 Julie 1984;

(b) kragtens artikel 11(4) van genoemde Proklamasie die in paragraaf (a) bedoelde verandering van die jagseisoen van toepassing gemaak het dwarsdeur daardie gedeeltes van die Gebied waarin genoemde Proklamasie geld.

(a) under section 11(2)(a) of the said Proclamation for the year 1984 varied the hunting season referred to in section 11(1)(a) of the said Proclamation, during which game mentioned in Annexure 3 to the said Proclamation (huntable game) may be hunted in accordance with the provisions of the said Proclamation to the period from 31 May 1984 up to and including 31 July 1984;

(b) under section 11(4) of the said Proclamation made the variation to the said hunting season referred to in paragraph (a) applicable throughout those areas of the Territory in which the said Proclamation is in force.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 66 1984

### VERKLARING VAN LECHWE AS BESKERMDE WILD IN DIE OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL: WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE BY ORDONNANSIE 11 VAN 1951

Kragtens artikel 5(1)(c) van die Ordonnansie op Wildbeskerming 1951 (Ordonnansie 11 van 1951)-

(a) voeg ek hierby die naam Lechwe (Kobus leche) by tot die Tweede Bylae (beskermde wild, deel I-diere);

(b) maak ek hierby die in paragraaf (a) bedoelde byvoeging van toepassing ten opsigte van die hele Oostelike Caprivi Zipfel.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1984

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 66 1984

### DECLARATION OF LECHWE AS PROTECTED GAME IN THE EASTERN CAPRIVI ZIPFEL: AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE TO ORDINANCE 11 OF 1951

Under section 5(1)(c) of the Game Preservation Ordinance, 1951 (Ordinance 11 of 1951) -

(a) I hereby add the name Lechwe (Kobus leche) to the Second Schedule (protected game, part I-animals);

(b) I hereby make the addition referred to in paragraph (a) applicable to the whole of the Eastern Caprivi Zipfel.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 10 May 1984

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 67 1984

### VERKLARING VAN KOEDOE, GEMSBOK EN SPRINGBOK AS BESKERMDE WILD IN OWAMBO: WYSIGING VAN BYLAES 2 EN 3 BY MAATREËL 6 VAN 1973

Kragtens -

(a) artikel 2(1)(c) van die Owambo Natuurbewaringsmaatreël, 1973 (Maatreël 6 van 1973),

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 67 1984

### DECLARATION OF KUDU, ORYX AND SPRINGBOK TO BE PROTECTED GAME IN OWAMBO: AMENDMENT OF SCHEDULES 2 AND 3 TO ENACTMENT 6 OF 1973

Under -

(a) section 2(1)(c) of the Owambo Nature Conservation Enactment, 1973 (Enactment 6

plaas ek hierby die name Koedoe (Tragelaphus strepsiceros), Gemsbok (Oryx gazella) en Springbok (Antidorcas marsupialis) oor van Bylae 3 (wild) na Bylae 2 (beskermde wild);

(b) artikel 2(2) van genoemde Maatreël maak ek hierby die in paragraaf (a) bedoelde oorplasing van toepassing ten opsigte van die hele Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1984

of 1973), I hereby transfer the names Kudu (Tragelaphus strepsiceros), Oryx (Oryx gazella) and Springbok (Antidorcas marsupialis) from Schedule 3 (game) to Schedule 2 (protected game);

(b) section 2(2) of the said Enactment I hereby make the transfer referred to in paragraph (a) applicable to the whole of Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 10 May 1984

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 68 1984

### VERKLARING VAN ELAND, BLOUWILDEBEES EN STEENBOK AS BESKERMDE WILD IN DIE KAVANGO: WYSIGING VAN BYLAES 2 EN 3 BY WET 4 VAN 1974

Kragtens -

(a) artikel 2(2) van die Kavango-wet op Natuurbewaring, 1974 (Wet 4 van 1974) -

(i) plaas ek hierby die name Eland (Taurotragus oryx) en Blouwildebees (Connochaetes taurinus) oor van Bylae 3 (wild) na Bylae 2 (beskermde wild);

(ii) voeg ek hierby die naam Steenbok (Raphicerus campestris) toe tot Bylae 2 (beskermde wild);

(b) artikel 2(3) van genoemde Wet verklaar ek hierby dat die in paragraaf (a) bedoelde oorplasing en toevoeging van toepassing is ten opsigte van die hele Kavango.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1984

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 68 1984

### DECLARATION OF ELAND, BLUE WILDEBEEST AND STEENBOK TO BE PROTECTED GAME IN THE KAVANGO: AMENDMENT OF SCHEDULES 2 AND 3 TO ACT 4 OF 1974

Under -

(a) section 2(2) of the Kavango Nature Conservation Act, 1974 (Act 4 of 1974)-

(i) I hereby transfer the names Eland (Taurotragus oryx) and Blue Wildebeest (Connochaetes taurinus) from Schedule 3 (game) to Schedule 2 (protected game);

(ii) I hereby add the name Steenbok (Raphicerus campestris) to Schedule 2 (protected game);

(b) section 2(3) of the said Act I hereby declare that the transferring and addition referred to in paragraph (a) shall be applicable to the whole of Kavango.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 10 May 1984

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 69 1984

### JAGSEISOENE, 1984: KAVANGO

Kragtens -

(a) artikel 2(1)(a) van die Kavango-wet op Natuurbewaring, 1974 (Wet 4 van 1974), bepaal ek hierby -

(i) die tydperk vanaf 31 Mei 1984 tot en met 31 Julie 1984 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 3 by genoemde Wet (wild) ingevolge die bepalings van artikel 4, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Wet, gejag kan word;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1984 tot en met 30 September 1984 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 4 by genoemde Wet (wildevoëls) ingevolge die bepalings van artikel 6, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Wet, gejag kan word;

(b) artikel 2(3) van genoemde Wet, verklaar ek hierby dat die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene van toepassing is in die hele Kavango.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1984

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 69 1984

### HUNTING SEASONS, 1984: KAVANGO

Under -

(a) section 2(1)(a) of the Kavango Nature Conservation Act, 1974 (Act 4 of 1974), I hereby determine -

(i) the period from 31 May 1984 up to and including 31 July 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 3 to the said Act (game) may be hunted in terms of the provisions of section 4, but subject to the other provisions of the said Act;

(ii) the period from 1 August 1984 up to and including 30 September 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 4 to the said Act (game birds) may be hunted in terms of the provisions of section 6, but subject to the other provisions of the said Act;

(b) section 2(3) of the said Act I hereby declare that the hunting seasons referrred to in paragraph (a) shall be applicable to the whole of Kavango.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek, 10 May 1984

---

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 70 1984

### JAGSEISOENE, 1984: OWAMBO

Kragtens -

(a) artikel 2(1) van die Owambo Natuurbewaringsmaatreël, 1973 (Maatreël 6 van 1973), bepaal ek hierby -

(i) die tydperk vanaf 31 Mei 1984 tot en met 31 Julie 1984 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 3 by genoemde Maatreël (wild) ingevolge die bepalings van artikels 5 en 6 maar behoudens die ander bepalings van genoemde Maatreël, gejag kan word;

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 70 1984

### HUNTING SEASONS, 1984: OWAMBO

Under -

(a) section 2(1) of the Owambo Nature Conservation Enactment, 1973 (Enactment 6 of 1973), I hereby determine -

(i) the period from 31 May 1984 up to and including 31 July 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 3 to the said Enactment (game) may be hunted in terms of the provisions of sections 5 and 6, but subject to the other provisions of the said Enactment;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1984 tot en met 30 September 1984 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 4 by genoemde Maatreël (wildvoëls) ingevolge die bepalings van artikels 7 en 8, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Maatreël, gejag kan word;

(b) artikel 2(2) van genoemde Maatreël maak ek hierby die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene van toepassing ten opsigte van die hele Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Mei 1984

---

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 71 1984

VERKLARING VAN DUIKER AS BESKERMDE WILD IN DIE GEBIEDE WAARIN PROKLAMASIE R.188 VAN 1976 VAN TOEPASSING IS: WYSIGING VAN AANHANGSELS 2 EN 3

Hierby word ingevolge artikel 11(3) van die Proklamasie op Natuurbewaring in sekere Naturellegebiede in Suidwes-Afrika, 1976 (Proklamasie R.188 van 1976), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -

(a) kragtens artikel 11(2)(c) van genoemde Proklamasie die naam Duiker (Sylvicapra grimmia) oorgeplaas het van Aanhangsel 3 (jagbare wild) na Aanhangsel 2 (beskermde wild);

(b) kragtens artikel 11(4) van genoemde Proklamasie die in paragraaf (a) bedoelde oorplasing van toepassing gemaak het dwarsdeur daardie gedeeltes van die Gebied waarin genoemde Proklamasie geld.

---

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 72 1984

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van

(ii) the period from 1 August 1984 up to and including 30 September 1984 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 4 to the said Enactment (game birds) may be hunted in terms of the provisions of sections 7 and 8, but subject to the other provisions of the said Enactment;

(b) section 2(2) of the said Enactment I hereby make the hunting seasons referred to in paragraph (a) applicable to the whole of Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 10 May 1984

---

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 71 1984

DECLARATION OF DUIKER TO BE PROTECTED GAME IN THE AREAS IN WHICH PROCLAMATION R.188 OF 1976 APPLIES: AMENDMENT OF ANNEXURES 2 AND 3

It is hereby made known in terms of section 11(3) of the Nature Conservation in Certain Native Areas in South West Africa Proclamation, 1976 (Proclamation R.188 of 1976), that the Administrator-General has -

(a) under section 11(2)(c) of the said Proclamation transferred the name Duiker (Sylvicapra grimmia) from Annexure 3 (huntable game) to Annexure 2 (protected game);

(b) under section 11(4) of the said Proclamation made the transfer referred to in paragraph (a) applicable throughout those areas of the Territory in which the said Proclamation is in force.

---

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 72 1984

AMENDMENT OF THE REGULATIONS RELATING TO NATURE CONSERVATION

The Administrator-General has under section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), further amended the regulations promulgated under Government

1976, soos gewysig, verder gewysig deur met ingang van 25 Mei 1984 in subregulasie (1) van regulasie 4 van die Tabel van gelde wat betaal moet word vir verlof om in 'n wildtuin te bly, deur die volgende Tabel te vervang:

| "Tipe Huisvesting | Bedtal | Plek | Tarief per dag |
|---|---|---|---|
| Luukse woonstel met geriewe | 4 | Namutoni | R30,00 |
| Rushuis met geriewe | 6 | Okaukuejo | R25,00 |
| Rushuis met geriewe | 5 | Halali | R25,00 |
| Rushuis met geriewe | 5 | Hardap | R25,00 |
| Rushuis met geriewe | 5 | Daan Viljoen | R25,00 |
| Woonstel met geriewe | 5 | Gross-Barmen | R25,00 |
| Woonstel met geriewe | 5 | Terracebaai | R25,00 |
| Woonstel met geriewe | 4 | Namutoni | R25,00 |
| Woonstel met geriewe | 4 | Ai-Ais | R15,00 |
| Rushuis | 6 | Okaukuejo | R15,00 |
| Rushuis | 6 | Mowebaai | R14,00 |
| Rushuis | 5 | Okaukuejo | R16,50 |
| Rushuis | 5 | Halali | R16,50 |
| Rushuis | 5 | Hardap | R17,50 |
| Rushuis | 4 | Gross-Barmen | R10,00 |
| Rushuis | 3 | Hardap | R14,00 |
| Rushuis | 3 | Gross-Barmen | R14,00 |
| Rushuis | 3 | Okaukuejo | R8,50 |
| Rushuis | 3 | Halali | R8,50 |
| Rushuis | 3 | Daan Viljoen | R9,00 |
| Rushuis | 2 | Daan Viljoen | R7,50 |
| Woonstel | 5 | Gross-Barmen | R18,00 |
| Woonstel | 4 | Ai-Ais | R12,50 |
| Kamer | 10 | Halali | R15,50 |
| Kamer | 10 | Hardap | R15,00 |
| Kamer | 8 | Okaukuejo | R13,00 |
| Kamer | 4 | Namutoni | R12,50 |
| Kamer | 4 | Duwisib | R10,00 |
| Kamer | 3 | Namutoni | R8,50 |
| Kamer | 3 | Mowebaai | R7,50 |
| Kamer | 2 | Okaukuejo | R12,00 |
| Kamer | 2 | Halali | R12,00 |
| Kamer met geriewe | 2 | Namutoni | R12,00 |
| Kamer (ook bekend as Touriset) | 2 | Namutoni | R12,00 |
| Kamer | 2 | Namutoni | R5,00 |
| Kamer | 2 | Duwisib | R12,00 |
| Kamer | 2 | Terracebaai | R12,00 |
| Kamer | 2 | Halali | R6,00 |
| Kamer | 2 | Hardap | R6,00 |
| Kamer | 2 | Mowebaai | R5,50 |
| Ski-hut | 2 | Namutoni | R5,00 |
| Karavaan | 4 | Ai-Ais | R10,00 |
| Mobiele woning | 4 | Namutoni | R15,00 |
| Tent | 4 | Okaukuejo | R7,50 |
| Tent | 4 | Halali | R7,50 |
| Tent | 4 | Ai-Ais | R7,50 |
| Tent | 3 | Torrabaai | R5,00 |
| Huis | 8 | Arbeit Adelt | R25,00 |
| Huis | 8 | Tswams-West | R25,00 |
| Huis | 8 | Felseneck | R25,00 |
| Huis | 6 | Panorama | R20,00 |
| Huis | 4 | Middelpos | R17,50". |

Notice 240 of 1976, as amended, by the substitution in subregulation (1) of regulation 4 for the Table of fees to be paid for permission to stay in a game park, as from 25 May 1984 of the following Table:

| "Type of accommodation | Number beds | Place | Tariff per day |
|---|---|---|---|
| Luxury flat with facilities | 4 | Namutoni | R30,00 |
| Bungalow with facilities | 6 | Okaukuejo | R25,00 |
| Bungalow with facilities | 5 | Halali | R25,00 |
| Bungalow with facilities | 5 | Hardap | R25,00 |
| Bungalow with facilities | 5 | Daan Viljoen | R25,00 |
| Flat with facilities | 5 | Gross-Barmen | R25,00 |
| Flat with facilities | 5 | Tarrace Bay | R25,00 |
| Flat with facilities | 4 | Namutoni | R25,00 |
| Flat with facilities | 4 | Ai-Ais | R15,00 |
| Bungalow | 6 | Okaukuejo | R15,00 |
| Bungalow | 6 | Mowe Bay | R14,00 |
| Bungalow | 5 | Okaukuejo | R16,50 |
| Bungalow | 5 | Halali | R16,50 |
| Bungalow | 5 | Hardap | R17,50 |
| Bungalow | 4 | Gross-Barmen | R10,00 |
| Bungalow | 3 | Hardap | R14,00 |
| Bungalow | 3 | Gross-Barmen | R14,00 |
| Bungalow | 3 | Okaukuejo | R8,50 |
| Bungalow | 3 | Halali | R8,50 |
| Bungalow | 3 | Daan Viljoen | R9,00 |
| Bungalow | 2 | Daan Viljoen | R7,50 |
| Flat | 5 | Gross-Barmen | R18,00 |
| Flat | 4 | Ai-Ais | R12,50 |
| Room | 10 | Halali | R15,50 |
| Room | 10 | Hardap | R15,00 |
| Room | 8 | Okaukuejo | R13,00 |
| Room | 4 | Namutoni | R12,50 |
| Room | 4 | Duwisib | R10,00 |
| Room | 3 | Namutoni | R8,50 |
| Room | 3 | Mowe Bay | R7,50 |
| Room | 2 | Okaukuejo | R12,00 |
| Room | 2 | Halali | R12,00 |
| Room with facilities | 2 | Namutoni | R12,00 |
| Room (also known as Touriset) | 2 | Namutoni | R12,00 |
| Room | 2 | Namutoni | R5,00 |
| Room | 2 | Duwisib | R12,00 |
| Room | 2 | Tarrace Bay | R12,00 |
| Room | 2 | Halali | R6,00 |
| Room | 2 | Hardap | R6,00 |
| Room | 2 | Mowe Bay | R5,50 |
| Ski-cabin | 2 | Namutoni | R5,00 |
| Caravan | 4 | Ai-Ais | R10,00 |
| Mobile Home | 4 | Namutoni | R15,00 |
| Tent | 4 | Okaukuejo | R7,50 |
| Tent | 4 | Halali | R7,50 |
| Tent | 4 | Ai-Ais | R7,50 |
| Tent | 3 | Torra Bay | R5,00 |
| House | 8 | Arbeit Adelt | R25,00 |
| House | 8 | Tswams-West | R25,00 |
| House | 8 | Felseneck | R25,00 |
| House | 6 | Panorama | R20,00 |
| House | 4 | Middelpos | R17,50". |